

7 November

Skrifgedeelte: Daniël 2:26-49
Fokusgedeelte: Daniël 2:31-35

Die wêreldryke

Nebukadnesar se droom beskryf die wêreldryke soos dit sal wees vanaf die Ryk van Babel tot die Romeinse Ryk. Die eerste boodskap van die droom is dat die wêreldryke, selfs al word hulle in die praktyk al groter en sterker, tog in wese minderwaardig word: goud, silwer, brons, yster en klei. Die tweede boodskap is dat die aardse ryke ook nog vernietig sal word, fyngemaal sal word soos kaf op die dorsvloer. Derdens leer ons dat daar 'n nuwe ryk sal kom wat vir altyd sal bly. Dit sal gebeur sonder menslike toedoen: die God van die hemel sal dit doen! Al het Nebukadnesar dan daarin geslaag om die volk van God te oorwin en die diens van die Here in Jerusalem voorlopig tot stilstand te bring, moet hy deur hierdie droom nogtans weet dat daar 'n God in die hemel is!

Wie na die geskiedenis kyk, moet weet dat die laaste woord oor die mensdom se geskiedenis aan die Here behoort en dat sy koninkryk 'n ewige ryk is, die enigste ryk met permanensie en met 'n toekoms.

Sing: Psalm 2:1,2

Ds DHP Wijnbeek (Steynsburg)